J 25 0/1053 (5)

Saak/Case No. B3163/89

# DEKBLAD VIR VOORLOPIGE ONDERSOEK
# COVERING SHEET FOR PREPARATORY EXAMINATION

V.O./P.E. No. 3 / 90

| Polisiekantoor—Police station | M.R./C.R. | Ondersoekbeampte—Investigation officer |
|---|---|---|
| WINDHOEK | 388/09/89 | |

| Distrik – District | Plek van voorlopige ondersoek—Place of preparatory examination |
|---|---|
| WINDHOEK | WINDHOEK |
| **Voorsittende beampte—Presiding officer** | **Staatsaanklaer—Public prosecutor** |
| G RETIEF | H JACOBS |
| **Vir verdediging—For defence** | **Tolk—Interpreter** |
| SELF ADV. G H OOSTHUIZEN | R WARNER |
| **Gearresteer op—Apprehended on** | **Plek van aanhouding—Place of detention** |
| 6/11/89 | |

Misdryf ten opsigte waarvan ondersoek ingestel word
Offence in regard to which examination is instituted

GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUIDWES-AFRIKA
- 7 FEB 1990
OF SOUTH WEST AFRICA WINDHOEK
REGISTRAR OF THE SUPREME COURT

Verwys op 'n aanklag van M O O R D
Committed on a charge of

Datum van verwysing
Date of committal

(Merk toepaslike kolomme met 'n kruis)/(Mark relevant columns with a cross)

| Name van beskuldigde(s) / Names of accused | Ter strafsitting / For trial | Vir vonnis / For sentence | Ontslaan / Discharged | In hegtenis / In custody | Op borgtog / On bail | Kort betekening / Short service: Aanvaar / Accepted | Kort betekening / Short service: Geweier / Refused |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. DONALD ACHESON | | | | X | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

Voertaal van beskuldigde(s) wat verwys is ENGELS
Language medium of committed accused

Beskuldigde(s) was by elke verskyning gedurende die loop van die ondersoek by sy/haar/hulle volle verstand.
At each appearance during the course of the examination the accused was/were in his/her/their sound and sober senses.

Adres(se) vir betekening van prosesstukke in borgakte(s) verstrek
Address(es) furnished in bail bond(s) for service of process

Datum 26 JANUARIE 1990 F H TRUTER
Date *Landdros/Magistrate*

Slegs vir gebruik deur die Griffier.
For use by Registrar only.

Gesertifiseer 'n ware afskrif/Certified a true copy
Datum/Date
Klerk van die Hof/Clerk of the Court

south african history archive SAHA

1 J15

D/1049(5)

CHARGE SHEET - KLAGSTAAT

CASE/SAAK NO. B3163/ 19 89 APPéL 30/89

| POLICE STATION/POLISIEKANTOOR | C.R./M.R. NO. | INVESTIGATION OFFICER/ONDERSOEKBEAMPTE |
|---|---|---|
| WINDHOEK | 388/9/89 | |
| DISTRICT DIVISION - DISTRIK AFDELING | PLACE OF TRIAL/PLEK VAN VERHOOR | DATE OF TRIAL/VERHOORDATUM |
| WINDHOEK | WINDHOEK | 89/11/3 |

| MAGISTRATE/LANDDROS | PUBLIC PROSECUTOR/STAATSAANKLAER |
|---|---|
| G RETIEF | H JACOBS |
| DEFENCE/VERDEDIGING | INTERPRETER/TOLK |
| SELF ADV. G H OOSTHUIZEN | R WARNER |

| FINGERPRINTS TAKEN/NOT TAKEN VINGERAFDRUKKE GENEEM/NIE GENEEM NIE | DATE OF ARREST DATUM VAN ARRES | IN CUSTODY/ON BAIL/WARNED IN HEGTENIS/OP BORG/GEWAARSKU |
|---|---|---|
| | 6/11/89 | |

THE STATE VERSUS / DIE STAAT TEEN

PARTICULARS OF ACCUSED / BESONDERHEDE VAN BESKULDIGDE(S)

1 NAME/NAAM DONALD ACHESON

ADDRESS/ADRES 604, SOUTHPORT, KURKBY ROAD.

| SEX/GESLAG | POPULATION GROUP/ BEVOLKINGSGROEP | NATIONALITY/ NASIONALITEIT | AGE/OUDERDOM |
|---|---|---|---|
| MALE | IRISH | IRISH | 52 YEARS |

2 NAME/NAAM

ADDRESS/ADRES

| SEX/GESLAG | POPULATION GROUP/ BEVOLKINGSGROEP | NATIONALITY/ NASIONALITEIT | AGE/OUDERDOM |
|---|---|---|---|
| | | | |

.................... (HEREINAFTER CALLED THE ACCUSED) (HIERNA DIE BESKULDIGDE(S) GENOEM)

CHARGED WITH THE OFFENCE OF
BESKULDIG VAN DIE MISDRYF VAN M.U.R.D.E.R

IN THAT UPON (OR ABOUT) THE
DEURDAT OP (OF ONTRENT) DIE .................... DAY OF DAG VAN .................... 19....

AND
EN ....................

.................... IN THE SAID DISTRICT/DIVISION. IN VOORNELDE DISTRIK/AFDELING.

THE SAID ACCUSED DID WRONGFULLY AND UNLAWFULLY
GENOEMDE BESKULDIGDE(S) WEDERREGTELIK ....................

PLEA ON
PLEIT OP .................... 19.....

JUDGEMENT ON
UITSPRAAK OP .................... 19.....

SENTENCE / VONNIS ....................

DATE / DATUM : .................... MAGISTRATE / LANDDROS ....................

ORDER RE EXHIBITS MADE / NOT MADE

south african history archive SAHA

MNR OOSTHUIZEN NAMENS BESKULDIGE. IN OPDRAG VAN SCHOLTZ EN BOTHA IN JOHANNESBURG.

Staat vra uitstel.

VERDEDIGING:

Vra dat staat aantoon dat klag Moord is.

Sumissie dat hofbevel van ~~Hooggeregshof~~ nie en kragtens voor hof toon hofbevel.

Lasbrief waarvolgens in aanhouding in terme van wetgewing is nietig verklaar.

STAATSAANKLAER:

Dui aan dat beskuldigde op 6 November 1989 en kragtens geneem op aanklag van Moord.

GEEN BORGAANSOEK NIE.

south african history archive
SAHA

DEFENCE: Dankie, Edelagbare, net 'n klein regstellingtjie op die oorkonde. Ek verskyn in opdrag van die firma Scholtz en Botha, Florida, Johannesburg. Dit is korrek dat die verdediging nou 'n borgaansoek wil bring en ek is van plan om die eerste getuie, mnr. Acheson te roep om te getuig.

HOF: Gaan u nog meer getuies roep.

DEFENCE: Daar is moontlik nog 'n getuie, Edelagbare.

DEFENCE: Calls -

DONALD ACHESON: S.S.

DEFENCE: I want to put on the record first that it was related to me this morning by the lawyer in Johannesburg that there will be an amount available for the bail of the Accused of R10 000, apart from the amount that Mr. Acheson will put up himself. Mr. Acheson, please state your age to the Court. --- 51.

Will you please relate to the Court what is your condition of health at the moment. --- Very fair, it is good.

Good, okay. Can you tell the Court who is the person Cynthia Leo. --- She is a girl I hope to marry in the near future.

COURT: In Windhoek. --- No, in Johannesburg, Your Honour.

DEFENCE: How long have you known her. --- Eight years.

And before you came to Windhoek, with whom did you live in Johannesburg. --- I lived in an apartment.

With whom. --- A German lady.

No, in Johannesburg. --- Oh, in Johannesburg

south african history archive SAHA

with Cynthia Leo.

<u>DEFENCE:</u> With Cynthia Leo, before you came to Windhoek. --- Yes.

Okay, and do you want to marry this Cynthia Leo. --- Yes.

Now you know what you are charged with, is that correct. --- That is correct.

And you know that the charges against you are of a serious nature. --- I do, yes.

Now, did you have anything to do with this killing of Mr. Lubowski. --- No sir, nothing.

Okay, and do you know what evidence the State, or the prosecution may have had against you. --- No sir.

south african history archive SAHA

Mr. Acheson, if your application for bail is granted will you stand your trial here in Windhoek eventually. --- Yes sir.

And why are you so inclined to do so. --- Because I want to prove that I am innocent. I haven't done this crime.

You want to prove that you are innocent. --- And I haven't done this crime whatsoever.

Did you know any person in Windhoek who is willing to give you a job. --- Yes sir.

Can you relate to the Court who that person is. --- Mr. Smitty of the Observer.

Mr. Smitty of the Observer, and is he in Court now to confirm that. --- Yes sir.

And what kind of job will it be. --- I will be a cartoonist, a political cartoonist.

DEFENCE: And are you a cartoonist. --- Yes.

And have you got training as a cartoonist. --- Yes sir.

And experience. --- Yes sir.

How long is your experience as a cartoonist. --- About nine, ten years altogether at different newspapers.

Different newspapers, news magazines. --- And magazines too.

And Mr. Acheson, if your application for bail is granted where will you stay. --- I will stay at the Mission, one of the missions in Mission Road, sir.

The Youth Mission. --- The Youth Mission, that is correct.

But you haven't contacted them. --- But they told me that once I get out, if I get bail, I can go and see them, that they will have a room for me.

Okay, and before you were arrested you did stay at the mission for some time. --- That is correct.

Do you have your passport with you. --- No, the police have got it.

And are you an Irish citizen. --- That is correct.

And are you willing that the police may keep your passport. --- Yes sir.

Until the date of the trial. --- That is correct.

How much money do you have at the jail at this moment. --- Almost R3 000 sir.

south african history archive SAHA

DEFENCE: Almost R3 000, and can you be more specific please of the amount. --- About R2 800.

And are you willing to put that up for the bail. --- Yes sir.

And did you know that Cynthia Leo is putting up another R10 000 for your bail. --- Only when you told me sir.

When I told you. --- Yes.

And you related to the Court that you are willing to stand your trial and you want to prove your innocence. If Cynthia Leo puts up that amount of money, or let me put it to you this way, what is the other reason that you want to present to the Court for the fact that you have stated that you want to stand your trial. --- Well she is putting her life savings up sir.

Whose life savings. --- Cynthia Leo's.

The R10 000. --- Yes, and I also want to prove that I am innocent.

And without your passport, Mr. Acheson, will you be able to travel outside this country. --- No sir.

And are you willing to report to the police station one or two or three times a day. --- Yes sir.

When your application for bail is granted. --- That is correct.

Do you have any previous convictions of any kind. --- Yes sir, two.

In what year. --- Last year, sir.

Last year, 1988. --- That is correct.

south african history archive SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

DEFENCE: What is the nature of this contravention. --- Shoplifting.

Where did that take place. --- Johannesburg.

Were you arrested on both occasions. --- Yes sir.

Were you kept in custody pending the trial on both occasions. --- No sir.

Can you inform the Court what happened about your appearance before Court. --- Well they told me I had to come the following week to Court, which I did on both occasions.

So they warned you to stand your trial and you came to the Court and stood your trial. --- That is correct.

What were the fines. --- R300 and R400.

For the two contraventions respectively. --- That is correct.

south african history archive SAHA

NO FURTHER QUESTIONS BY DEFENCE

CROSS-EXAMINATION BY S.P.:

S.P.: Mr. Acheson you are a citizen of Ireland, is that correct. --- That is correct.

You haven't been to that country for the past fourteen years, is that correct. --- Yes.

In that fourteen years where have you lived. --- I lived in Rhodesia and Johannesburg.

And Angola. --- No, not in fourteen years.

Botswana. --- No.

Zambia, Swaziland. --- No.

No other places except for Rhodesia and Johannesburg, and were you a mercenary sir. --- I

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original.

S.P.: And what happened to your application, not the work permit, to be able to stay there. --- Well they didn't sign it as far as I know.

So nothing has happened as regards that. When did you make this application. --- Last year, early last year.

That is after seven years of living in the country. --- Yes.

What were you doing in South West, why did you come to South West. --- I came to look for work.

For work, didn't you have a job in Johannesburg. --- I had what they call a freelance cartoonist.

Yes you worked on a freelance basis since 1985, is that correct. --- That is correct.

That was the last time that you have kept a permanent job. --- That is correct.

And Mrs. Leo, she is also unemployed, is that correct. --- Well she has just left a job a few months ago.

So she is also unemployed at this stage. --- I couldn't tell you, as far as I know.

And whilst here, how many times did you come to South West looking for a job. --- Three times.

Three times, and with what did you come up. What money was available seeing as you didn't have a job. --- I had money with me.

Who is paying for your attorney, the attorney who appeared for you last Monday, who paid those legal expenses. --- I think it is Miss Leo's mother. The family I think.

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

S.P.: And the advocate for this application. --- The same as far as I know.

So her life savings is R10 000 which she has already put up for bail and how then is she going to pay for the Attorney and the Advocate. --- I couldn't tell you. I think it is the family who is helping out.

Do you have any property in South West. --- No.

In the Republic. --- No.

Have you got any possessions, furniture, motor vehicle. --- I have some furniture at the flat.

That is in Johannesburg. --- Yes.

That is the flat in Bedfordview, is that correct. --- Yes, Miss Leo's flat.

Have you got any family in the Republic. --- No.

In South West. --- No.

You also haven't got a permanent address here in South West. --- Not at the moment, no.

You stayed in a flat just before your arrest, but that flat has been given up, is that correct. --- That is correct.

Do you know Mr. Brandt. --- Mr. Brandt.

Yes. --- I don't know him, maybe I will.

Did you not give his address to the police as being your address here in South West. --- No, they took it.

Pardon. --- They took the address.

Where did they get the address from. --- It was in fact the telephone.

south african history archive SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

<u>S.P.:</u> Where did you get the address. --- Mr. Brandt gave me a lift from another town and he took me to the mission.

Did you not also give another false address to the police when they enquired as to your permanent address or your address here in South West. --- No.

If we presume that you are found guilty on this charge, what do you think will happen to you. --- I couldn't tell you. It is the Court's decision.

Yes, well what will you do after you have, let's presume you get a jail sentence, after the jail sentence. Will you stay on in South West or will you leave the country. --- It all depends if I can get employment or I may go back to Ireland.

So you want to go back to Ireland then. --- If I get employment here I will stay.

Are you a citizen of Northern Ireland or the Republic of Ireland. --- Northern Ireland.

Why then would the Republic of Ireland enquire as to your whereabouts. --- Because in Northern Ireland you can get an Irish passport or a British passport and I applied to the Irish Embassy and they gave me an Irish passport.

A passport from the Republic of Ireland. --- Correct.

Why did you apply for a passport in the Republic of Ireland and not Britain. --- It is nothing, I am Irish.

Yes but Northern Ireland is also Irish, is that correct. --- It is under the British Government.

south african history archive SAHA

Certified a true copy of the original.

S.P.: Who supported you and Miss Leo in this period that both of you were unemployed. --- We haven't been unemployed all that long.

Well who supported you sir. --- I have done freelance cartooning.

Do you believe that in the event of you being found guilty that you might be sent to jail. --- Yes I do.

Do you think that there might be no mitigating circumstances and that you might get the death sentence if you are found guilty. --- Yes I do.

So you have contemplated those two possibilities. --- Well I have got to prove myself innocent, which I am.

Let us presume that you are found guilty then. You have thought about the death sentence and failing this a very long jail sentence, is that correct. --- Well I have thought about it. I am only human.

The three times that you came up to South West for a job, you were unsuccessful, is that correct. --- That is correct.

Did you then, at that stage, contact Mr. Smit of the Observer and apply for a job there. --- I contacted the secretary, the lady on the switchboard.

And the response was. --- There is no work at all.

No jobs available. --- Yes.

When did Mr. Smith offer you this job. --- Today.

So prior to this application you didn't have a

south african history archive SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike.
Certified a true copy of the original.

job. --- No, because I have been in prison.

S.P.: What time did Mr.Smith offer you the job. --- This morning.

So it was all pending this application brought to the Court this afternoon. --- As far as I know, yes.

NO FURTHER QUESTIONS BY S.P.

RE-EXAMINATION BY DEFENCE:

DEFENCE: Mr.Acheson when did you first relate to me that there is a possibility that Mr. Smith will give you a job. --- This morning sir.

This morning, not on Friday. --- We spoke about it and he said he would let me know today.

And there were questions put to you regarding a possible sentence of jail or a possible sentence, a capital sentence, in the event that you are found guilty of the offence charged, and you related to the Court that it is only human to think about that, but according to you are you guilty or not guilty. --- I am not guilty.

And do you want to prove that. --- Yes sir.

And do you want to stand your trial. --- Yes sir.

Mr. Acheson the next question I think is common cause between the State and the defence. I just want to put it on record, is it correct that you are in custody as from the 13 September of this year, 1989. --- Yes sir.

S.P.: Your Honour, the State objects to this question. I mean this matter has been dealt with the

south african history archive SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

previous time that the matter was before this Court. Re-examination is about other matters. (indistinct)

<u>COURT:</u> Yes you may proceed.

<u>DEFENCE:</u> Thank you, what is your answer. --- The question.

<u>COURT:</u> (Indistinct) --- Yes sir I have been in custody all the time.

<u>NO FURTHER QUESTIONS BY DEFENCE.</u>

<u>HOF:</u> U het aanvanklik aangedui dat u moontlik nog getuies sal roep. (Indistinct)

<u>DEFENCE:</u> Yes Your Honour, I briefly want to call Mr. Smith of the Observer to the stand please.

<u>HOF:</u> Ek wonder of die Staat werklik die bewering wat die beskuldigde gemaak het nou, dat hy sal werk kry, enigsins sal betwis. Sal ons dit nie as gemeensaak aanvaar dat daar wel so 'n aanbieding gedoen is.

<u>S.A.:</u> Ja dit is wat hy vanoggend gesê het, daar is net 'n blote, die getuie sit so by so in die Hof die heeltyd. Dit is al wat die Staat wou gehad het, is die stadium waarop die aanbod tevore gekom het.

<u>HOF:</u> Ja nee maar ek meen dat 'n mens nie nou sover gaan op jou eie bewerings nie en dit probeer bewys nie, met ander getuienis nie.

<u>VERDEDIGING:</u> Daar sal geen verdere getuienis vir die Verdediging wees nie.

<u>HOF:</u> Weer eens mag ek net verneem wat sal die doel wees van die getuienis van Kolonel Smit. ?

<u>S.A.:</u> Edelagbare om sekere punte uit te lig wat aandui dat die beskuldigde nie hier in Suidwes enige belang het nie,

south african history archive SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

of dat hy sy verhoor gaan staan nie, geensins nie.

S.A.: ROEP -

JAN DE BRUYN SMIT: V.O.E.

S.A.: Kolonel u is 'n ondersoekbeampte in hierdie saak, is dit korrek? --- Dit is korrek U Edele.

Uit die aard van u werk het u sekere navraag gerig oor die beskuldigde, is dit korrek? --- Heeltemal korrek U Edele.

Kan u net vir die hof vertel waar u vasgestel het dat hy in Afrika orals was? --- Ek het uit my navrae en onderhoude vasgestel dat die beskuldigde onder andere in Angola, Zimbabwe, Swaziland en moontlik ook Uganda was.

Hy het ook op twee geleenthede vir u valse adresse gegee, ten opsigte van sy adres hier in Windhoek, is dit korrek? --- Dit is korrek U Edele.

U het ook die dame, Cynthia Leo gekontak waarmee hy sou 'n saamleef-verhouding in Johannesburg gehad het, is dit korrek? --- Dit is korrek U Edele.

Kan u net vir die hof vertel wat sy vir u gesê het? --- Met 'n gesprek met haar het sy gesê dat die beskuldigde is nie daar woonagtig nie en sy het hom vir die afgelope drie maande nie gesien nie.

Op welke stadium van hierdie ondersoek het u haar omtrent gekontak, ek bedoel gekontak? --- Dit was die tweede dag na sy arrestasie..

Het sy enige aanduiding vir u gegee dat sy van voornemens is om met hierdie man te trou, nou binnekort? --- Nee, nee geensins nie U Edele, trouens sy het op daardie stadium het sy gesê dat daar was 'n argument tussen

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

south african history archive SAHA

S.A.: Sê vir my, kol. Smit, u is ook nou nog besig met die ondersoek van hierdie saak? --- Ek is steeds besig met die ondersoek van hierdie saak.

Welke ondersoek nou nog steeds op 'n konfidensiële basis gaan, is dit korrek? --- Daar het vertroulike inligting onder my aandag gekom wat ek besig is om op te volg.

GEEN VERDERE VRAE DEUR S.A.

KRUISONDERVRAGING DEUR VERDEDIGING: Kol. Smit, u het hierdie persoon voor die hof in hegtenis geneem op die 13de September '89, is dit korrek? --- Dit is korrek.

En vanaf daardie tydperk tot vandag toe is hy in aanhouding. --- Dit is korrek.

Nou wat sou die nut nou daarvan wees om vir u vals adresse te gee? U weet tog sy adres by die gevangenis in Windhoek.

S.A.: Die Staat maak beswaar. Die getuie kan nie, verwag word om te getuig oor wat die beskuldigde se bedoeling en/of beweegrede agter die aansoek was nie.

HOF: Ja, die doel van die adresvrae of adresgeëry, is ook nie eintlik soseer om uit te vind waar hy nou is nie, maar waar hy in die verlede was. Dit is dink ek waaroor dit gaan.

VERDEDIGING: Edelagbare, mag ons net vra dat die getuie self die vrae beantwoord.

HOF: Ja. --- Dit is korrek, hy het twee vals adresse aan my verstrek. Die doel daarvan weet ek nie waarom hy dit gedoen het nie, maar hy het aan my vals adresse verstrek, twee.

Vertel vir ons meer, kol. Smit, met betrekking waartoe het hy vir u vals adresse gegee? Waar hy gebly het

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike

of waar hy bly? --- Waar hy gebly het ja. Met ander woorde toe hy die land binnegekom het het hy die adresse verstrek van, by twee geleenthede verskillende adresse, heeltemal vals adresse waar hy nooit was nie.

<u>VERDEDIGING:</u> Het hy dit aan u verstrek? --- In daardie geval het hy dit aan die immigrasie-owerhede verstrek op sy aansoekvorm, op sy ingangsvorm, toegangsvorm na die land toe.

So hy het op geen stadium aan u 'n vals adres verstrek nie. Hy het dit aan die immigrasie-owerhede, volgens u getuienis nou... --- Dit is korrek. Op die vorm het hy 1
ook aangeteken die doel van sy besoek en elke keer by die doel van sy besoek was dit ook fiktief gewees.

Maar u kan nie daaroor getuig nie want hy het dit nie aan u gesê nie. --- Nee, maar hy het dit aangeteken op die vorm.

Het u die vorms by u? --- Ongelukkig nie.

U sê op die tweede dag na sy arrestasie, is dit nou op die 15de September, het u vir hierdie dame, Cynthia Leo gekontak? --- Ja, dit was omtrent op die 15de September.

En u sê ook vir die hof dat sy aan u meegedeel het dat sy die beskuldigde 3 maande laas gesien het. --- Dit is korrek.

Op watter stadium het sy daardie mededeling aan u gemaak? --- Tydens my gesprek met haar.

Het sy vermys na 3 maande voordat u haar geskakel het? --- Voordat ek haar geskakel het ja.

Ek kan aan u stel, ek het nie daardie getuienis gelei nie, maar dat dit my instruksies is, dat die beskuldigde wel vir haar binne daardie tydperk op 'n gereelde grondslag gesien het en by haar was. --- Dit is moontlik.

south african history archive SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original.

S.A.: Edelagbare, dit moes hy in kruisondervraging aan sy getuie gestel het. Soos die hof behaag.

HOF: Ja, u moet tog asseblief nie kort-kort as daar 'n geleentheid is vir 'n beswaar, 'n beswaar maak nie. Los maar die partye dat hulle sover moontlik hulle saak voor die hof lê. As dit blyk moontlik, al is dit nie in alle gevalle altyd relevant nie, kan ek vooruit sien wat is die relevansie van die vraag. U kan maar aangaan.

VERDEDIGING: Edelagbare, ek wil net sê dat daardie bewering was nie tot kennis in elk geval gewees van die verdediging voordat dit gemaak is hier in die hof deur hierdie getuie nie. En u sê u het hom op 'n stadium gekonfronteer of gevra of hy, nee, u sê u het nagegaan en uitgevind hy het twee vorige veroordelings. --- Dit is korrek.

En u het hom daarmee gekonfronteer? --- Dit is korrek.

En hy het dit aan u erken? --- Hy het dit aan my erken, hy het ook erken dat hy daarvan bewus is dat die Suid-Afrikaanse Polisie na hom soek en ek het toe later aan hom gestel dat daar ook 'n lasbrief teen hom uitgereik is. Hy het dit ook erken dat dit moontlik is.

Edelagbare, ek wil net vra dat die hof die getuie vra om die vrae te antwoord wat aan hom gestel is, redelike en billike antwoorde te gee.

HOF: Ek dink dit was 'n redelike en billike antwoord.

VERDEDIGING: Wat het die beskuldigde u meegedeel is sy beroep? --- Die beskuldigde het verskeie mededelings aan my gemaak. Die eerste een was dat hy 'n vryskut joernalis is. Dan was dit weer dat hy vryskut spotteken-werk doen.

HOF: Spotteken? --- Spotprent teken-werk doen. By die

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

south african history archive SAHA

plek waar hy gewoon het het hy aan my vertel dat hy, of het hy aan die mense vertel dat hy vir die Times Magazine werk, 'n tydskrif werk. Ek het ook 'n beëdigde verklaring tot daardie effek, dat hy aan iemand meegedeel het dat hy 'n verteenwoordiger vir Times is. Vir ander mense het hy weer vertel dat hy vir Newsweek werk. Dit is ook een of ander tydskrif.

<u>VERDEDIGING:</u> As ek aan u sê dat die beskuldigde vir al daardie koerante en tydskrifte op 'n stadium gewerk het, dan kan u dit nie betwis nie? --- Met my navraag kon ek geen aanduiding kry dat die beskuldigde ook vir so 'n tydskrif gewerk het nie, trouens, ek het vasgestel...

Welke tydskrif, sê net vir die hof van watter een praat u nou van? --- Dit is die tydskrifte Newsweek en Times. Ek het wel vasgestel dat hy in 1985 werksaam was vir 'n besigheid op 'n vryskut basis. Ek kon nie mooi agterkom of dit tydelik of vryskut is nie, dit is 'n tydskrif in Johannesburg met die naam van Hallo Johannesburg, of so iets van die aard. Dit was in 1985 gewees. Dit is die enigste vaste werk wat ek kon vasstel wat die beskuldigde gehad het.

U kan nie positief betwis dat die beskuldigde wel 'n vryskut spotprent-tekenaar is nie. --- Ek betwis dit beslis.

Betwis nie? --- Ek betwis dit beslis. Dan sou ek by een of ander plek, sou ek agter gekom het dat hy vir een of ander tydskrif iets gedoen het.

Het u al van die beskuldigde se tekeninge gesien? --- Ek het.

En hy kan teken. --- Ja.

En het u enige basis waarop u kan betwis dat mnr. Smit hier hom wel in diens sal neem op grond van sy bekwaamheid as 'n spotprent-tekenaar? --- Ek twyfel. Trouens, ek glo

south african history archive SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

dat, indien mnr. Smit sy tekeninge sien sal hy hom moontlik nie in diens neem nie.

VERDEDIGING: Kan ek aan u sê kol. Smit, dat mnr. Smit van die Observer in besit is van verskeie tekeninge van die beskuldigde. --- Dit mag so wees.

En dat hy op grond daarvan besluit het om hom in diens te stel. --- Dit is natuurlik 'n beslissing wat mnr. Smit moet neem. Maar dit is my siening.

Mnr. Smit is sekerlik beter bekwaam as u om ...

HOF: Mnr. Oosthuizen, ek wonder of ons dit nou so 'n geweldige "issue" sal maak of mnr. Smit hom in diens sal neem of nie. Dit is wat die beskuldigde inderdaad sê, eintlik kan ons dit so aanvaar. Ons aanvaar dit so dat daar so 'n aanbod is vir werk.

VERDEDIGING: U sê dat, kom ek vra u so, waarom dink u is dit nodig dat die beskuldigde verder in aanhouding gehou word, hangende die verhoor. --- Wel, eerstens om te verseker dat hy wel sy verhoor staan. Tweedens dat daar 'n moontlikheid is dat hy met mense kan inmeng met wie ek besig is op die oomblik.

So u het twee redes, u wil verseker dat hy wel sy verhoor staan en tweedens sê u dat daar 'n moontlikheid is dat hy met Staatsgetuies kan inmeng. --- Dit is korrek.

Het u enige gronde om dit te glo, dat hy met Staatsgetuies sal inmeng, en indien wel, wat is die gronde? --- Daar is sekere persone met wie die beskuldigde kontak gehad het, met wie hy weer kan kontak maak. Hierdie persone is vir my van kardinale belang om op die ou einde 'n saak uit te maak. En die enigste versekering wat ek het dat hy nie met hulle kontak maak nie, is terwyl hy in hegtenis is.

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

south african history archive SAHA

Daar is nou verdere persone wat, verdere inligting wat tot my beskikking is, wat beslis my ondersoek sal skaad indien die beskuldigde met hulle sou kontak maak.

VERDEDIGING: Kan u vir ons 'n aanduiding gee hoeveel van hierdie getuies van die Staat is in Windhoek of in Suidwes? --- Ek dink op daardie vraag, ek kan u waarborg dat ek nie net een dag nie, maar verskeie dae met die Prokureur-generaal oor hierdie aspek gekonsulteer het en dat ek die Prokureur-generaal breedvoerig ingelig het oor waarmee ek besig is. En ek voel dat op hierdie stadium kan ek nie vir u enige aanduiding gee oor hierdie getuies en waarvanaf hulle is en waar hulle is nie.

Mnr. Smit, wil u dus vir die hof sê dat dit moontlik teen die openbare orde en die regspleging kan wees dat die beskuldigde nou vrygelaat word op borg? --- Ek volg nou nie.

Wil u nou vir die hof sê dat dit moontlik teen die openbare orde en teen die regsplegings sal wees as die beskuldigde, kom ons bepaal ons eers by openbare orde, teen die openbare orde sal wees as die beskuldigde nou vrygelaat word? --- Ja, ek is van mening so.

Dit is vir my snaaks, u en die Prokureur-generaal deel nie mekaar se menings op hierdie stadium nie, want indien die Prokureur-generaal daardie mening toegedaan was, het hy 'n sertifikaat in terme van artikel 61 uitgereik. --- Werklikwaar, ek kan nie die Prokureur-generaal se siening en menings hier...

HOF: U kan nie daarop kommentaar lewer nie. --- Ek kan nie daarop kommentaar lewer nie, ek is jammer.

VERDEDIGING: Het u al getuieverklarings van die getuies vir

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

south african history archive SAHA

die Staat wat hulle hier in Suidwes bevind?

S.A.: Edelagbare, die Staat maak beswaar, die getuie het nou reeds volledig gesê hy kan nie inligting daaroor gee nie, dit is gepriviligeerde informasie. Dit kan sy saak beskadig en die verdediging hou aan om op daardie aspek aan te gaan. Soos die hof behaag.

HOF: Ja, ek... --- Ek sal daarop antwoord, ek het wel getuieverklarings van getuies in Suidwes, dit is nie 'n probleem nie. In Windhoek.

VERDEDIGING: Edelagbare, dit is hoekom ek die vraag vra, ek wil nie die identiteit van die mense weet nie.

HOF: Ja, u kan maar aangaan.

VERDEDIGING: En het u van al die getuies wat u moontlik kan bekom in Suidwes, getuieverklarings op hierdie stadium? --- Nee, ek het nog nie vir almal nie, maar ek het...

Het u al met almal van hulle onderhoude gevoer? -- Ja, ek het met almal van hulle onderhoude gevoer.

Is dit nie so dat, of laat ek vir u andersom vra, het u getuieverklarings van al die getuies wat hulle moontlik in die R.S.A. bevind, vir die Staat? --- Nee.

Nou as u nou reeds gekonsulteer het met al die getuies wat hulle binne in die gebied van Suidwes-Afrika bevind en van die meeste van hulle wel getuieverklarings het, en die beskuldigde word vrygelaat op borg en hy woon hier in Windhoek en hy word verbied moontlik om na die R.S.A. te gaan en hy moet twee of drie keer 'n dag rapporteer by die polisiestasie, wat se gevaar is daar dat hy kan inmeng met Staatsgetuies. --- Dit is tog vanselfsprekend, daar is tog baie kommunikasiemiddelle. In elk geval is ek nie so seker dat die getuies wel buite hierdie gebied is nie, dat hulle nie dalk binne in die gebied is nie.

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

VERDEDIGING: Kol. Smit, u is dus net bang vir 'n moontlikheid, is dit reg? --- 'n Moontlikheid en dan ook is ek beslis seker dat ek kan probleme kry met my saak.

Nou indien u vir die hof sê u is beslis seker, waarop grond u u sekerheid, want u moet dit vir die hof meedeel. --- Soos ek reeds getuig het, dit is min of meer die strekking van my probleme wat ek het met die saak.

Kol. Smit, dit is nie genoeg om net sodanige vrees te koester nie. U is nog in besit van die beskuldigde se paspoort, is dit reg? --- Dit is korrek.

Waarop grond u u vrese dat die beskuldigde nie sy verhoor sal staan nie? --- Dit is vanselfsprekend, alhoewel ek die beskuldigde se paspoort het, kan hy nog steeds na enige plek uitwyk. Dit is vir my bo twyfel moontlik dat hy kan die land verlaat. Hy kan in elk geval die land hier verlaat na byvoorbeeld Suid-Afrika sonder 'n paspoort.

south african history archive SAHA

Kol. Smit, gegewe die volgende omstandighede: die beskuldigde gaan werk by die Windhoek Observer, u kan vir u self gaan vergewis dat hy wel daar werk, die beskuldigde sal u meedeel so gou hy akkommodasie het waar hy woonagtig is, die beskuldigde is bereid om twee tot drie keer 'n dag te rapporteer by die polisiestasie of by u persoonlik. U kan, u het sekerlik 'n goeie verhouding met die redakteur van die Windhoek Observer, u kan tot vir mnr. Smit vra, my kliënt sal nie beswaar hê daarteen nie, dat mnr. Smit u skakel wanneer die beskuldigde moontlik nie opdaag vir werk nie of laat opdaag vir werk. Nou as u daardie mate van beheer het en u het sy paspoort, wat meer wil u hê, kol. Smit? --- Ek wil die geleentheid hê om die saak behoorlik te ondersoek omdat hierdie saak is van internasionale belang. Ek

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of ...

vind dit, ek mag nou nie iets sê daaroor nie, maar ek vind dit vreemd dat mnr. Smit nou die beskuldigde werk aangebied het. Maar in elk geval, dit is seker sy geluk. En die versekering hê om aan hierdie land te toon dat ons wel alles in ons vermoë doen om hierdie saak op te los. Ek weet nie waar kom hierdie skielike werk vandaan nie. Mnr. Smit en die beskuldigde het volgens my nog nie met mekaar kennis gemaak nie. Ek kan dit net nie aanvaar nie.

<u>VERDEDIGING:</u> Verlede Maandag weet u self ook het mnr. Smit onder andere hier foto's geneem hier agter van die beskuldigde, is dit nie korrek nie? --- Dit is korrek.

En hulle kon mekaar toe gesien het en moontlik 'n woord of twee met mekaar gewissel het, is dit reg? --- Ek weet nie daarvan nie.

As iemand van iemand anders foto's neem, dan kan hulle net sowel ook praat, is dit reg? --- Hulle kan moontlik, maar ek glo nie dit het hier gebeur nie.

Die feit is wat voor hierdie hof is en wat die Staat aanvaar, mnr. Smit sal vir mnr. Acheson 'n werk gee. En indien die hof dit nodig ag, dan kan die hof self ook vir mnr. Smit dit vra en mnr. Smit kan vir hulle wys wat se sketse het mnr. Acheson vir hulle gemaak. Ek verstaan u probleem dat u wil graag die saak ten volle ondersoek en u wil aan die mense van die land toon dat die Staat wel die saak ondersoek. Maar ek stel weer aan u die probleem van die beskuldigde. Indien hy instem tot al daardie voorwaardes wat ek aan u gestel het, wat sou dit so anders maak dan enige normale beweerde moord wat in hierdie land baie voor die howe kom en waar party mense tot R300 borg kry, wat sou dit so vreeslik anders maak? --- Ek weet werklik nie, daar-

south african history archive SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

die R300 borg, maar in elk geval, dit is seker moontlik. Maar hierdie is darem nie 'n algemene gewone moord wat in Windhoek plaasgevind het nie. Hierdie ding is van internasionale belang en dit is juis soveel te meer dat alles moet gedoen word om te verseker dat elke moontlike leidraad opgevolg word. As ek moet teruggaan op die geskiedenis van die beskuldigde, soos wat hy gelewe het in Suid-Afrika en voor dit, dan selfs sy familie in Belfast hom nie meer aanvaar as deel van hulle nie, dat ek 'n beëdigde verklaring tot daardie effek het, dat hy in Suid-Afrika rondbeweeg het, dat die adres wat hy opgegee het daar verskillende kere deur die polisie besoek was op soek na die beskuldigde, dat elke keer het die mense hom weggesteek en gesê die man is nie daar nie, hy bly nie hier nie. Ek het self polisie na die adres toe gestuur waar hulle vir die polisie daar gesê het ons ken nie so 'n persoon nie, hy was baie lanklaas hier gewees. Dit is behalwe my telefoongesprek. Dit is duidelik vir my dat hierdie persoon oor 'n tydperk van ten minste 13 jaar gepoog het om orals iemand te probeer ontduik en te sorg dat hy nie in die openbaar kom nie. Dit is vir my, eenvoudig vir my.

<u>VERDEDIGING:</u> Dink u enigsins dat hy 'n kans het om so weg te raak, gegewe die voorwaardes wat ek aan u gestel het? --- Beslis. Dit is 'n uur en dan is jy weg, vyf minute op 'n vliegtuig, dan is jy weg, vanaf die Eros lughawe. En dit het al vantevore gebeur, dit kan gebeur.

Het u enige oortuiging in u gemoed, as u vir die hof sê dat 'n man wat u deurentyd kan nagaan en wie se paspoort u het, en wie se foto maar omtrent in elke koerant in Suidelike Afrika reeds verskyn het, en hy het nie sy pas-

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

poort in sy besit nie, dat hy daardie vrye geleentheid het soos wat u nou oor praat en ŉ opinie oor lewer? --- Ek is oortuig daarvan dat hy die geleentheid sal kry.

<u>VERD</u>.: Hoe lank ondersoek u al hierdie moordsaak? --- Sedert die 12de September.

En voor Maandag die 6de November 1989, miskien het die PG sy besluit geneem op die Vrydag, kom ons wees nou nou billik en ons sê die 3de November, voor die 3de November van hierdie jaar, was daar nie ŉ aanklag van moord hangende teen die beskuldigde nie, is dit korrek? --- Nee, 1
die beskuldigde was aangehou onder die immigrasie-wetgewing.

En wat was die rede daarvoor? --- Dit het tydens die ondersoek aan die lig gekom dat die persoon ŉ onwelkome besoeker aan die land is, ŉ verbode persoon is en daar is ŉ lasbrief vir hom uitgereik, vir sy deportering, waarna daar onderhandelinge aangeknoop was vir sy deportering wat natuurlik, ek altyd van kennis gedra het. Dit was vir my ŉ gerieflike kans om in elk geval ŉ geleentheid te kry om die saak verder te ondersoek en my die tyd verleen en die beskuldigde is daarvolgens aangehou. Later is daar ŉ dringende aansoek by die Hooggeregshof gebring waar aan die beskuldigde ŉ vliegtuigkaartjie aangebied is en gesê is hy kan die land verlaat, wat hy in elk geval nie kan bekostig nie, die vliegtuigkaartjie, ek glo, en ek het besluit om hom toe aan te kla. So maklik soos dit.

Die bevele waarkragtens die beskuldigde aangehou was voor die 6de November, is alles nietig verklaar <u>ab initio</u>. Is dit korrek, is dit in u kennis? --- Ja, ek dink so.

En op Vrydag, die 3de November, en ek wil dit aan u stel, Vrydag die 3de November het u reeds gekontempleer

south african history archive SAHA

Gesertifiseer ŉ ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

dat die Hooggeregshof daardie bevele waarkragtens die beskuldigde aangehou word, ter syde sal stel. Is dit korrek? U het dit op daardie stadium reeds verwag? --- Ja, ek het so 'n vermoede gehad.

VERDEDIGING: En ek wil aan u stel, kol. Smit, dat dit die rede is waarom u toe besluit het... --- Ek het dit nou net gesê ja.

Om die man aan te kla op hierdie aanklag van moord. --- Ek het dit nou net gesê en erken.

Ek wil dit ook aan u stel, dit is my instruksies, dat u geen getuienis kan hê op hierdie stadium nie wat die beskuldigde verbind met die misdryf waarvoor hy aangekla is nie. En dit is onder andere een van die redes waarom hy nooit voorheen aangekla was vir die misdryf van moord nie. --- Soos ek reeds aan u gesê het, ek het die hele saak breedvoerig met die Prokureur-generaal bespreek en hy het ook 'n verteenwoordiger oorgestuur hierheen. Dit is nie so nie. Ek het 'n prima facie saak.

U sê hierdie is 'n saak van internasionale belang. --- Dit is korrek.

U wil aan die hof weergee dat u genoeg getuies het om die beskuldigde aan te hou op

(Band nr. 3 nog nie opgespoor)

south african history archive SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

OP: 6 DESEMBER 1989

VOOR: G VAN PLETZEN

S.A.: E VAN DER LINDE

TOLK: GEEN

VERD.: ADV. H OOSTHUIZEN

Staatsaanklaer versoek uitstel tot 10 Januarie 1990. Onderneem om saak voor die hof te bring indien die omstandighedevan die saak so verander sodat borg vasgestel kan word.

ADV. OOSTHUIZEN :

Vra dat indien die beskuldigde op 10 Januarie 1990 weer voor die hof verskyn, die beskuldigde sal versoek om daardie dag te pleit en ook op daardie dag sal wil verneem wat die verhoordatum sal wees. Verdediging gee kennis dat indien op daardie stadium nie aan hierdie versoek voldoen word nie, verdere uitstel geopponeer sal word en dat dan formeel aansoek gedoen sal word vir die reg om te pleit en 'n verhoordatum verskaf te word.

south african history archive
SAHA

Ons onderneem om te skakel met die Prokureur-generaal en reëlings te tref vir datums vir verhoor indien die saak teen my kliënt voortgesit word.

Uitgestel 10 Januarie 1990 ondersoek in hegtenis.

(GET.) G VAN PLETZEN

LANDDROS

6 DESEMBER 1989

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original.

OP: 10 JANUARIE 1990

Ondersoek ingevolge die bepalings van Artikel 119 van Wet 51 van 1977 kragtens die P.G. se Algemene magtiging van 1979.

VOOR : LANDDROS F H TRUTER

VIR STAAT : D F SMALL

VIR VERDEDIGING : G H OOSTHUIZEN NAMENS DIE FIRMA SCHOLTZ & BOTHA IN JOHANNESBURG.

Die beskuldigde pleit onskuldig op 'n aanklag van Moord.

south african history archive SAHA

Mr. Oosthuizen addresses the Court. Plea of not guilty is in accordance with instructions. Read out a statement by the accused. Accused confirms that it is his signature on the statement. Handed in as Exhabit "A".

Public Prosecutor asks for postponement for a decision by the attorney-general until the 15 th Februay 1990.

The defence objects against the 15 th February. The attorney-general must be by now in a position to make a decision at an earlier date. Accused is in custody from 13 September 1989 to date. The Supreme Court found on 6 November 1989 that two months of detention of client were unlawful. Submit respectfully that the outcome of the appeal against the refusal of bail is irrelevant.

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

As to the decision of the A.G. to proceed with proceedings against the accused. It has no relevance whatsoever on the issue whether accused will be prosecuted in the end or not. It will be possible for the A.G. to make a decision at this stage. I move for a date much earlier than 15 February 1990.

It is well known to this court in paticular that the criminal roll of the Supreme Court is filled well in advance. If the decision of the A.G. is delayed to just before the 15 th February 1990, the availability for a date on the criminal roll of the Supreme Court will probably be at a much later stage. Justice delayed is justice denied.

south african history archive SAHA

Public Prosecutor argues that investigation is still not completed. The possibility that somebody else can be added on the charge is at this stage not to be excluded.

Defence asks for postponement until the 25 th January 1990 and no further.

Proceedings stopped in terms of Section 122(1) of Act 51 of 1977 and case adjoirned until 25 January 1990 for the decision of the attorney-general.

4/ ....

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original.

Accused remain in custody.

(SIGNED) F H TRUTER

MAGISTRATE

10 JANUARY 1990

<u>ON THE 25 TH JANUARY 1990</u>

Parties as on the 10 th January.

Prosecutor hands in decision of the attorney-general to arraign the accused before the Supreme Court on the 18 th April 1990 on a charge of Murder.

south african history archive SAHA

Defence takes note of the decision in terms of Section 122(3).

Defence accepts that the indictment and summary of facts will be duly served.

The case is remanded untill the 18 th April 1990 for trial in the Supreme Court in Windhoek. Accused in custody.

(SIGNED) F H TRUTER

MAGISTRATE

25 JANUARY 1990

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original.

GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF
VAN SUIDWES-AFRIKA
- 6 NOV 1989
OF SOUTH WEST AFRICA
REGIS...

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH WEST AFRICA

MONDAY, 6 NOVEMBER 1989

BEFORE THE HONOURABLE MR JUSTICE HENDLER

In the aaplication of:

| | |
|---|---|
| DONALD ACHESON | APPLICANT |
| and | |
| THE ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA | FIRST RESPONDENT |
| THE SECRETARY: CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER | SECOND RESPONDENT |
| W H BRISLEY | THIRD RESPONDENT |
| J THOMPSON | FOURTH RESPONDENT |
| THE SECRETARY: DEPARTMENT OF JUSTICE | FITH RESPONDENT |
| THE HEAD OF THE WINDHOEK PRISON | SIXTH RESPONDENT |

South African History Archive SAHA

Having heard Mr Maritz and Mr Oosthuizen for the Applicant and Mr Botes for the Respondents and after reading the Notice of Motion, affidavits and other documents filed of record:

IT IS ORDERED

1. That the non-compliance with the forms and service provided for in the Uniform Rules of Court be and is hereby condoned and leave be and is hereby granted to the Applicant for this application to be heard as an urgent application as contemplated by Rule 6(12) of the Uniform Rules of Court.

2. That the decision of the First and Fourth Respondents-

   (a) that the Applicant is an undesirable inhabitant, alternatively visitor, to the territory of South West Africa, as contemplated in section 13(1)(f) of the Admission of Persons to 1the Republic Regulation Act, 1972 (Act No 59 of 1972), as amended;

   (b) that the Applicant is a prohibited person as defined in section 13(1)(f) of the said Act;

   (c) that the Applicant should be refused permission to remain within the territory of South West Africa and should be removed therefrom;

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original.

(d) to issue a notice in terms of section 5 of the said Act to the Applicant and effect service of the same on him;

(e) that the Applicant is not entitled to appeal against the aforesaid decisions in terms of section 6 of the said Act;

(f) that the Applicant should be detained in custody pending his removal from the territory of South West Africa;

(g) that a warrant for the Applicant's detention should be issued;

be and is hereby set aside.

3. That the notice of prohibition dated 15 September 1989 purportedly issued in terms of section 5 of the said Act in respect of the Applicant is null and void and of no force and effect.

4. That the warrant for the Applicant's detention dated 15 September 1989 purportedly issued in terms of the regulation promulgated under the said Act is null and void and of no force and effect.

5. That the Sixth Respondent release the Applicant from the Windhoek Prison forthwith.

6. That the First Respondent hand Applicant's Irish passport (No J 505283) to the Applicant forthwith.

7. That the First and Fourth Respondents, jointly and severally (the one to pay the other to be absolved), pay the costs of this application.

BY ORDER OF THE COURT

REGISTRAR

(V/D MERWE-GREEFF)

GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF
SOUTH WEST AFRICA
WINDHOEK

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike.
Certified a true copy of the original.

southern african history archive SAHA

REDES VIR WEIERING VAN BORGAANSOEK.

Op 13 November 1989 het die beskuldigde aansoek gedoen om op borg uitgelaat te word. Die aansoek is afgewys. Die beskuldigde gaan nou in hoër beroep teen die afwysing.

ŉ Deel van die notule is verlore maar aangesien die wesenlike aspekte waaroor dit gaan reeds in die notule vervat is sou rekonstruksie van die notule geen doel dien nie.

Die betoog van die verdediging het gewentel om die vraag of die oplê van beperkende borgvoorwaardes en die intrek van die aangeklaagde se paspoort nie moontlik die vrees van ontvlugting wat die staat koester kan ondervang nie.

Die hof het aanvaar dat die moord ŉ sluipmood aanval was. Sulke moorde word nie alleen deeglik beplan nie maar alles word gedoen om te verseker dat die dader sal ontvlug.
Dit verskil dus baie van die gevalle waar mens te doen het met die vinnige opwelling van emosies en latere berou oor optrede.
ŉ Ander belangrike oorweging was die feit dat die aangehoudene ŉ burger is van ŉ vreemde land. Hierdie feit maak ontvlugting soveel makliker. Die intrekking van ŉ paspoort kan nie bydra om die aangehoudene sy verhoor te laat staan nie.
Die ander aspekte genoem in die kennisgewing van appél is, hoewel oorweeg, van mindere belang by die oorweging van die aansoek.
Vir die redes is daar besluit om nie borgtog toe te staan nie.

G. RETIEF
LANDDROS
WINDHOEK

south african history archive SAHA

Gesertifiseer ŉ ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK WINDHOEK

GEHOU TE WINDHOEK

LANDDROS WINDHOEK 1989-12-1 WINDHOEK

In die Appèl van:

DONALD ACHESON APPèLLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

south african history archive SAHA

---

KENNISGEWING VAN APPèL

---

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat die Appèllant van voornemens is om teen die uitspraak van die Agbare Landdros Retief, waarin die Appèllant se aansoek om borg op 13 November 1989 van die hand gewys is, te Appèlleer.

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

GELIEWE VOORTS KENNIS TE NEEM dat die Appèllant op die volgende Regs- en/of Feitebasis teen die uitspraak appèlleer:

1. Die Hof a quo het nie oorweging geskenk daaraan óf die Respondent 'n relatiewe goeie of sterk saak teen die Appèllant het nie. Respondent het geen, alternatiewelik onvoldoende gronde verskaf van die saak teen Appèllant en gevolglik kon die Hof a quo nie oorweging skenk aan die meriete van die aanklag of aan die kanse dat Appèllant moontlik skuldig bevind kan word nie.

2. Die Hof a quo het misgetas deur die blote opinie van die Ondersoekbeampte te aanvaar dat Appèllant moontlik kan inmeng met die Staatsaak of Staatsgetuies terwyl die korrekte benadering moet wees dat die hof slegs dáároan oorweging kan skenk op grond van duidelike getuienis.

3. Die Hof a quo het misgetas deur te bevind dat die aard van die klag teen Appèllant dié van 'n ernstige sluipmoordaanval is. Daar is geen getuienis voor die Hof van 'n sluipmoordaanval nie en die Hof a quo was nie by magte om sodanige afleiding en/of aanname te maak en teen die Appèllant te gebruik nie.

south african history archive
SAHA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van
Certified a true

4. Die Hof a quo het versuim om enigsins, alternatiewelik voldoende oorweging daaraan te skenk dat die oplê van streng beperkende borgvoorwaardes kan verhoed dat Appèllant:-

(a) nie sy verhoor sal staan nie;

en

(b) met Staatsgetuies inmeng.

5. Die Hof a quo het versuim om voldoende, alternatiewelik enigsins oorweging te skenk aan die reg op vryheid van die individu (Appèllant) en dit behoorlik op te weeg teen die "belange" van die Respondent. Indien dit wel gedoen sou wees, behoort die Hof a quo, in die omstandighede, borg aan die Appèllant toe te gestaan het.

6. Die Hof a quo het versuim om enigsins oorweging aan die duur van aanhouding van die Appèllant te skenk in die omstandighede waar die Respondent geen voorlegging aan die Hof kon maak met betrekking tot hoe lank die afhandeling van die ondersoek nog sal duur nie.

7. Die Hof a quo het versuim om voldoende oorweging te skenk aan die feit dat die Appèllant 'n werk in Windhoek bekom het, sy paspoort in besit van die Ondersoekbeampte van die saak is en dat Respondent se ondersoek plaaslik afgehandel is.

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original

8. Die feit dat die Appèllant 'n Vreemdeling is, het onbehoorlike gewig gedra in die omstandighede.

GETEKEN TE WINDHOEK OP HEDE DIE 1STE DAG VAN DESEMBER 1989.

_________________

VAN DER MERWE-GREEFF

PROKUREURS VIR APPèLLANT
in opdrag van: Scholtz + Botha, Florida
Kock & Schmidt Gebou

WINDHOEK

AAN: DIE KLERK VAN DIE STRAFHOF
LANDDROSKANTOOR
WINDHOEK

LANDDROS
WINDHOEK
1989-12-1

south african history archive
SAHA

EN

AAN: DIE PROKUREUR-GENERAAL
HOOGGEREGSHOFGEBOU
WINDHOEK

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike
Certified a true copy of the original